Phone: 011 660 7847
Email: info@inpsyght.co.za

289 Jorissen Street, Cnr. Sarel Oosthuizen Street
Monument, Krugersdorp

TERME EN VOORWAARDES

1. Ons Praktyk

Welkom by ons dinamiese, individu-gerigte terapie sentrum, waar ons 'n geïntegreerde benadering volg. Dit beteken dat ons verskeie terapeutiese tegnieke gebruik vanuit verskeie benaderings en modaliteite om die spesifieke behoeftes van ons kliënte toepaslik aan te spreek. Die fokus van ons werk is terapeuties. Geen Psigo-Wetlike / Forensiese gevalle word binne die praktyk hanteer nie en ons voorsien geen wetlike bewyse van enige aard nie, hetsy ten opsigte van toesig en beheer dispute of egskeidings of vir enige ander doel nie. Indien regsverwante dienste benodig word, sal 'n gepaste verwysing op versoek gegee word. Ons het verskeie ander dissiplines by die sentrum wat 'n wye reeks terapeutiese od ondersteunende dienste bied, onder andere mediasie tydens egskeiding, arbeidsterapie, psigometriese assessesings en loopbaan voorligting.

Hierdie dokument sal meeste van jou vrae beantwoord en verskaf al die belangrike inligting wat jy moontlik mag nodig hê tydens die terapeutiese proses.

2. Voordele en Risiko's

Sukses in terapie word verskillend gemeet deur verskillende persone in verskillende omstandighede. Dit is bewys dat terapie voordelig is vir enigeen wat in so 'n proses betrokke raak, aangesien dit interpersoonlike gemak, persoonlike bewustheid, vaardighede vir die hantering van spanning en emotionele ongemak kan ontwikkel en ook die kliënt kan help om oplossings vir spesifieke probleme te vind. Dit is egter nie 'n gegewe nie en verg aktiewe deelname van die kliënt.

Sommige mense kan, as 'n direkte gevolg van terapie, 'n toename in ongemak, angstigheid, skuldgevoelens, hartseer, frustrasie en vele ander emosies wat as negatief beskou word, ervaar. Dit is belangrik om hierdie ervarings dadelik met jou terapeut op te neem en die hantering daarvan te ondersoek.

3. Verloop van terapie

Die eerste sessie is gewoonlik 'n assesseringsessie wat sal bepaal wat die aard van jou aanmeldingsrede is en of jou geskeduleerde terapeut die mees toepaslike persoon is om jou tot diens te wees. Ons sal alles in ons vermoë doen om jou met die mees gepaste persoon om jou betrokke geval, ouderdom, uitdaging en/of persoonlike behoeftes aan te spreek te verbind, maar waar dit nie binne ons praktyk-bestek, veld van kennis of terapeutiese vaardighede val nie, sal ons jou graag verwys na ander professionele persone. Kommunikeer dus gerus enige aspekte, wat moontlik 'n invloed hierop sou hê, spoedig met jou terapeut.

Kort na die aanvang van terapie sal die terapeut se indrukke met jou gedeel word en sal doelwitte gestel word vir jou terapeutiese proses. Van die staanspoor af sal jy waarneem dat kommunikasie 'n integrale deel van terapie behels en jy sal aangemoedig word om 'n gelyke rol in te neem in jou vordering en die verdere verloop van terapie.

Elkeen van die terapeute volg unieke benaderings, vanuit 'n geïntegreerde perspektief en gebruik verskillende terapeutiese tegnieke en modaliteite om die integrasie van liggaam | siel | gees te bevorder. As gelyke genoot in die terapeutiese proses, het jy die reg om:

- enige tyd enige ongemak, hetsy met jou geloof, emosioneel, verstandelik en/of fisies, wat tydens of as gevolg van terapie beleef word, met enigeen van ons te kommunikeer;
- enige vrae, enige tyd te vra;
- te weet watter metodes gebruik word en waarom hulle gebruik word;
- enige veranderinge in die metodes of proses van jou terapie te bespreek en te verstaan.

Dit is wenslik dat terapie 'n beginpunt en 'n einde het. Indien jy voel dat jy gereed is om terapie te beëindig bespreek dit gerus met jou terapeut om te verseker dat daar sluiting kan plaasvind en dat daar geen onafgehandelde sake is nie. Jou terapeut sal dieselfde met jou doen, indien sy voel jy is gereed om die proses af te sluit, indien fondse beperkinge op die proses stel of indien jy verwys moet word vir verdere behandeling.

4. Afsprake

Kantore ure van die terapeute verskil en sal met jou bespreek word wanneer jy 'n afspraak maak of met die aanvang van jou terapie. Sessies duur ongeveer 55 min en geskied op weeklikse intervalle, tensy anders gereël.

Phone: 011 660 7847
Email: info@inpsyght.co.za

289 Jorissen Street, Cnr. Sarel Oosthuizen Street
Monument, Krugersdorp

Jy is verantwoordelik vir die skedulering van al jou afsprake. Indien jy spesifieke tye verkies, stel ek voor dat jy dit vooruit bespreek om te verseker dat jy op jou gekose tyd gesien sal kan word. Indien jou sessie gekanselleer moet word, moet dit ten minste 24 uur voor die tyd gedoen word. Indien nie, sal jy persoonlik verantwoordelik gehou word vir die betaling, aangesien mediese fondse nie daarvoor betaal nie. Natuurlik sal onvoorsiene omstandighede in oorweging gebring word. Slegs in uiterste situasies sal 'n terapeut 'n sessie skuif of kanselleer en sal dan seker maak dat dit betyds aan jou gekommunikeer word. Ons maak gebruik van 'n sms-stelsel om jou te herinner aan jou sessies, maar aangesien dit elektronies gegenereer word, sluip daar soms foute in. Moet dus asseblief nie alleenlik hierop staat maak om jou dag te beplan nie.

5. Kommunikasie

Die terapeute handhaaf sterk grense om 'n effektiewe en produktiewe werksverhouding te vestig, wat in die beste belang van alle betrokke partye is. As 'n reël, sal ons slegs in 'n noodgeval of ooreengekom as deel van die terapie, elektroniese media soos BBM, SMS, Whatsapp en Facebook benut.

In die geval waar 'n minderjarige die kliënt is, sal die terapeut duidelik aan die ouers kommunikeer indien hulle saam met hulle kind 'n sessie moet bywoon. Vir enige ander kommunikasie, is ouers welkom om 'n e-pos te rig aan hulle kind se terapeut of te versoek om 'n gedeelte van die sessie saam met hulle kind by te woon. Alternatiewelik kan die ouer met die terapeut reël om tydens die sessie 'n telefoniese gesprek op luidspreker te behartig. Dit word alles gedoen om die vertrouensverhouding in stand te hou.

6. Noodgevalle

Gedurende jou tyd in terapie moet jy doen wat jy kan of nodig ag om jouself veilig en beskerm te hou. Dit sluit in om nie in enige aktiwiteite deel te neem wat tot jou eie skade of die van enige ander persoon kan lei nie. Indien jy jouself in 'n emosionele krisis bevind, is jy welkom om jou terapeut direk te kontak, maar as jy haar/ hom nie in die hande kan kry nie, moet jy 'n naasbestaande of verantwoordelike volwassene in kennis stel of SADAG op 0800 11 12 13 of LifeLine op 0861 322 322 of jou naaste hospitaal ongevalle kontak.

7. Vertroulikheid

Vertroulikheid is van uiterste belang in die vestiging van 'n verhouding. Elke terapeut is persoonlik, eties en professioneel verbind om alles in hulle vermoë te doen om jou vertroue te behou en daarom konfidensialiteit te handhaaf. Tog in sekere omstandighede word ons deur die wet verplig om stappe te neem en die konfidensialiteit te verbreek, dit sluit in:

a. omstandighede waar jou lewe of jou veiligheid of die van ander bedreig word;
b. indien 'n kind of kwesbare persoon se welstand in gedrang is;
c. indien die hof 'n aansoek bring vir die blootlegging van rekords;
d. supervisie gesprekke om professionele diens te verseker, maar alle identifiserende besonderhede word in hierdie gevalle uitgelaat.

Indien daar omstandighede is waar ons oor jou behandeling of vordering, die inhoud of proses van jou terapie moet verslag doen, sal jou uitdruklike, skriftelike toestemming bekom word. In die geval van kinders sal daar slegs aan ouers inligting aangaande **vordering** gegee word en slegs met die kliënt se toestemming sal **inhoud** bespreek word. In uitsonderlike gevalle waar die minderjarige se onmiddellike welstand in gedrang is en hy/sy weier om inhoud aan die ouers bekend te maak, moet die minderjarige se ouers of voogde ingelig word, maar die kliënt sal die opsie gegun word om die gesprek by te woon. Vandaar die belofte: ***"Ek mag dalk verplig word om oor jou kop te gaan, maar ek sal nooit agter jou rug gaan nie"***. Ouers kan onder sekere omstandighede versoek word om deel te neem in die terapeutiese proses en kan ook genooi word om terugvoer sessies by te woon, moet asseblief nie gedetailleerde terugvoer van elke sessie van jou kind verwag nie en laat hom/haar toe om die proses op haar eie pas te voltooi.

LET WEL: Sedert Julie 2005 kan eise sonder 'n ICD-kode (wat die aard van jou behandeling/ diagnose aandui) deur die mediese fonds verwerp word. Wees asseblief bewus daarvan dat die ICD-kode op die betalingsadvies verskyn wat in alle gevalle na die hooflid van die mediese fonds gestuur word. Jy kan 'n 'nie-bekendmaak' kode kies, maar die mediese fonds mag egter die eis verwerp, in welke geval die kliënt dan self vir die betaling van die rekening verantwoordelik is.

☐ Ek neem kennis van die beperkinge op vertroulikheid en gee toestemming dat my ICD-10 kode (Diagnose) bekend gemaak word op my betalingsadvies.

☐ Ek neem kennis van die beperkinge op vertroulikheid en versoek dat my ICD-10 kode (Diagnose) nie op my betalingsadvies aangedui word nie, al mag dit beteken dat my mediese fonds weier om te betaal.

Phone: 011 660 7847
Email: info@inpsyght.co.za

289 Jorissen Street, Cnr. Sarel Oosthuizen Street
Monument, Krugersdorp

8. Betalings

'n Bedrag van R900 is betaalbaar vir alle eerste sessies in 2018 en moet kontant betaal word. Indien jy aan 'n mediese fonds behoort kan jy reeds 'n magtigingsnommer kry, op praktyknommer 0321656, geen ICD 10 Kode kan egter voor die eerste konsultasie verskaf word nie.

Ons probeer terapie so bekostigbaar as moonlik maak en poog om verskeie betalingsmooontlikhede daar te stel om dit vir jou of jou gesinslid moontlik te maak om terapie te kan bywoon. Ons sal graag die betalingsopsies in detail bespreek, op enige stadium van jou terapiepad. Jy kan enige van die personeel nader vir 'n dokument wat dit duidelik uiteensit. Maak asseblief seker dat jy enige veranderinge in jou finansiële posisie dadelik onder ons aandag bring.

9. Onbetaalde Rekeninge

Onbetaalde rekeninge en ooreenkomste wat nie nagekom is nie, sal oorhandig word na afloop van 2 kalender maande en 'n rente van 10% per jaar sal gehef word. Verder sal daar ook regskostes op 'n Prokureur/kliënt skaal gehef word met kostes vir invordering, komissie en sporing. Alle daaropvolgende betalings sal eers gewend word om kostes te dek, dan om rente te delg en laastens kapitaal te verlos.

Ek _____ (volle naam van persoon verantwoordelik is vir

rekening), I.D. nommer _____, aanvaar volle verantwoordelikheid vir die vereffening van die rekening vir alle dienste gelewer aan myself, my eggenoot, my kinders of my afhanklikes. Indien ek nie opdaag vir 'n afspraak of dit nie binne 24uur voor die sessie kanselleer nie, besef ek, ek is persoonlik verantwoordelik vir die fooi.

10. Vrywaring

Ek, _____ (Volle Naam en Van), die ondergetekende, ter oorweging van die ooreenkoms met Suzette Weideman Kliniese Sielkundige en of InPsyght Therapie Sentrum om psigoterapie en ander terapeutiese aktiwiteite, onthef, skel kwyt en stel Suzette Weideman, InPsyght Terapie Sentrum, haar beamptes, trustees, agente, werknemers, verteenwoordigers en sessionarisse vry van enige vorm van eise, vorderings en skadevergoeding van watter aard ook al wat die gestelde kliënt of sy/haar voogde/ ouers tans of in die toekoms mag hê teen Suzette Weideman en InPsyght Terapie Sentrum, insluitend maar nie beperk tot haar/hulle nalatigheid of growwe nalatigheid, tydens die aanbied van genoemde terapie, of werkswinkels of op enige ander wyse toevallig daartoe.

_____ _____

Kliënt Persoon verantwoordelik vir betaling van rekening

_____ _____

Ouer (indien onder 18 jaar) Eggenoot (huweliks berading)

_____ _____ _____

Terapeut Datum Getuie